# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 623 | Cape Town, Kaapstad, | 02 May 2017 | **No. 40821**


## THE PRESIDENCY

No. 396 02 May 2017

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 1 of 2017: Financial Intelligence Centre Amendment Act, 2017**

## DIE PRESIDENSIE

No. 396 02 Mei 2017

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 1 van 2017: Wysigingswet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2017**

9 771682 584003 40821

**AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 26 April 2017)*

# ACT

**To amend the Financial Intelligence Centre Act, 2001, so as to define or further define certain expressions; to extend the objectives of the Centre so as to provide for the additional sharing of information and for the Centre to assist in the implementation of financial sanctions and to administer measures pursuant to resolutions adopted by the Security Council of the United Nations; to extend the functions of the Centre so as to provide for the additional sharing of information and to provide for guidance to accountable institutions in respect of the freezing of property and transactions pursuant to resolutions adopted by the Security Council of the United Nations; to abolish the Counter Money Laundering Advisory Council; to provide for a risk based approach to client identification and verification; to provide for the strengthening of customer due diligence measures including with respect to beneficial ownership and persons in prominent positions; to provide for the obligation to keep identity and verification and transaction records; to set out the procedure in respect of financial sanction control measures pursuant to the notification of persons and entities identified by the Security Council of the United Nations; to specify the content of the memorandum of understanding between the Centre and a supervisory body; to provide for access to information on suspicious and unusual transactions to specified supervisory bodies during inspections; to provide for Risk Management and Compliance Programmes, governance and training relating to anti-money laundering and counter terrorist financing; to provide for a warrant to conduct certain inspections; to provide for a financial penalty to be paid into the National Revenue Fund; to provide for further procedural issues in respect of appeals; to make further provision for offences; to provide that certain types of non-compliance are subject to administrative sanctions; to adjust the regulation-making powers for general matters; to provide for public comment before instruments are issued under the Act and arrangements on consultation with stakeholders on matters of mutual interest; to increase the maximum penalties that may be imposed in the regulations; and to provide for matters connected therewith.**

**BE IT ENACTED** by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk in vierkantige hakies dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 26 April 2017)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001, ten einde sekere uitdrukkings te omskryf of verder te omskryf; die oogmerke van die Sentrum uit te brei om voorsiening te maak vir die bykomende deling van inligting en vir die Sentrum om bystand te verleen in die implementering van finansiële sanksies en om maatreëls toe te pas ingevolge resolusies deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies deurgevoer; die werksaamhede van die Sentrum uit te brei ten einde voorsiening te maak vir die bykomende deling van inligting en om leiding te verskaf aan verantwoordingspligtige instellings ten opsigte van die bevriesing van eiendom en transaksies na aanleiding van resolusies deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies deurgevoer; die Teengeldwassery-adviesraad af te skaf; voorsiening te maak vir 'n risikogebaseerde benadering tot kliënte-identifikasie en verifiëring; voorsiening te maak vir die versterking van klante-omsigtigheidsmaatreëls, met inbegrip ten opsigte van uiteindelike geregtigheid en persone in vooraanstaande posisies; voorsiening te maak vir die verpligting om identiteits-, verifiërings- en transaksierekords te hou; die prosedure ten opsigte van finansiële sanksiebeheermaatreëls na aanleiding van die kennisgewing van persone en entiteite deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies geïdentifiseer; die inhoud van die memorandum van verstandhouding tussen die Sentrum en 'n toesighoudende liggaam te vermeld; voorsiening te maak vir toegang tot inligting oor verdagte en ongewone transaksies vir vermelde toesighoudende liggame tydens inspeksie; voorsiening te maak vir Risikobestuur- en Nakomingsprogramme, beheer en opleiding aangaande anti-geldwassery en teenterroristefinansiering; voorsiening te maak vir 'n lasbrief om sekere inspeksies te doen; voorsiening te maak dat 'n finansiële straf in die Nasionale Inkomstefonds betaal word; voorsiening te maak vir verdere prosedurele kwessies ten opsigte van appèlle; verder voorsiening vir misdrywe te maak; die bevoegdhede om regulasies oor algemene aangeleenthede uit te vaardig, te verander; die maksimum strawwe wat in die regulasies opgelê kan word, te verhoog; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

4

**Amendment of section 1 of Act 38 of 2001, as amended by section 27 of Act 33 of 2004, section 1 of Act 11 of 2008 and section 53 of Act 11 of 2013**

**1.** Section 1 of the Financial Intelligence Centre Act, 2001 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the definition of ''administrative sanction'' of the following definition:

'' **'administrative sanction'** means an administrative sanction contemplated in section 45C;'';

*(b)* by the substitution in subsection (1) for the definition of ''authorised officer'' of the following definition:

'' **'authorised officer'** means any official of—

*(a)* **[the South African Police Service]** an investigating authority authorised by the **[National Commissioner]** head of that investigating authority to act under this Act;

*(b)* the **[national prosecuting authority]** National Prosecuting Authority authorised by the National Director of Public Prosecutions to act under this Act;

*(c)* an intelligence service authorised by the Director-General of that service to act under this Act; **[or]**

*(d)* the South African Revenue Service authorised by the Commissioner for that Service to act under this Act;

*(e)* the Independent Police Investigative Directorate authorised by the Executive Director of that Directorate to act under this Act;

*(f)* the Intelligence Division of the National Defence Force authorised by the Inspector-General of the National Defence Force to act under this Act;

*(g)* a Special Investigating Unit authorised by the head of the Special Investigating Unit to act under this Act;

*(h)* the office of the Public Protector authorised by the Public Protector to act under this Act; or

*(i)* an investigative division in an organ of state authorised by the head of the organ of state to act under this Act;'';

*(c)* by the deletion in subsection (1) in the definition of ''bearer negotiable instrument'' of the words '', for the purposes of this Act,'';

*(d)* by the insertion in subsection (1) after the definition of ''bearer negotiable instrument'' of the following definition:

'' **'beneficial owner'**, in respect of a legal person, means a natural person who, independently or together with another person, directly or indirectly—

*(a)* owns the legal person; or

*(b)* exercises effective control of the legal person;'';

*(e)* by the insertion in subsection (1) after the definition of ''Centre'' of the following definition:

'' **'client'**, in relation to an accountable institution, means a person who has entered into a business relationship or a single transaction with an accountable institution;'';

*(f)* by the deletion in subsection (1) of the definition of ''Council'';

*(g)* by the insertion after the definition of ''Director'' of the following definition:

'' **'domestic prominent influential person'** means a person referred to in Schedule 3A;'';

*(h)* by the substitution in subsection (1) in the definition of ''entity'', for the expression ''2004; and'' of the expression ''2004;'';

*(i)* by the insertion in subsection (1) after the definition of ''entity'' of the following definitions:

'' **'foreign prominent public official'** means a person referred to in Schedule 3B;

**'Independent Police Investigative Directorate'** means the Independent Police Investigative Directorate established by section 3 of the Independent Police Investigative Directorate Act, 2011 (Act No. 1 of 2011);'';

**Wysiging van artikel 1 van Wet 38 van 2001, soos gewysig deur artikel 27 van Wet 33 van 2004, artikel 1 van Wet 11 van 2008 en artikel 53 van Wet 11 van 2013**

**1.** Artikel 1 van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die omskrywing van ‘‘administratiewe sanksie’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘ **‘administratiewe sanksie’** ’n administratiewe sanksie in artikel 45C beoog;’’;

*(b)* deur in subartikel (1) die volgende omskrywings na die omskrywing van ‘‘appèlraad’’ in te voeg:

‘‘ **‘binnelandse-vooraanstaande-invloedryke-persoon’** ’n persoon in Bylae 3A bedoel;

**‘buitelandse-vooraanstaande-openbare-beampte’** ’n persoon in Bylae 3B bedoel;’’;

*(c)* deur in subartikel (1) die omskrywing van ‘‘enkeltransaksie’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘ **‘enkeltransaksie’** ’n transaksie—

*(a)* uitgesonderd ’n transaksie wat in die loop van ’n sakeverhouding gesluit word; en

*(b)* waar die waarde van die transaksie nie minder is nie as die voorgeskrewe bedrag, behalwe in die geval van artikel 20A;’’;

*(d)* deur in subartikel (1) die omskrywing van ‘‘gemagtigde beampte’’ deur die volgende omskrywing te vervang:

‘‘ **‘gemagtigde beampte’** enige beampte van—

*(a)* **[die Suid-Afrikaanse Polisiediens]** ’n ondersoekowerheid deur die **[Nasionale Kommissaris]** hoof van daardie ondersoekowerheid gemagtig om kragtens hierdie Wet op te tree;

*(b)* die **[nasionale vervolgingsgesag]** Nasionale Vervolgingsgesag deur die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings gemagtig om kragtens hierdie Wet op te tree;

*(c)* ’n intelligensiediens deur die Direkteur-generaal van daardie diens gemagtig om kragtens hierdie Wet op te tree; **[of]**

*(d)* die Suid-Afrikaanse Inkomstediens deur die Kommissaris vir daardie Diens gemagtig om kragtens hierdie Wet op te tree;

*(e)* die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat deur die Uitvoerende Direkteur van daardie Direktoraat gemagtig om kragtens hierdie Wet op te tree;

*(f)* die Intelligensie-afdeling van die Nasionale Weermag deur die Inspekteur-generaal van die Nasionale Weermag gemagtig om kragtens hierdie Wet op te tree;

*(g)* ’n Spesiale Ondersoekeenheid deur die hoof van die Spesiale Ondersoekeenheid gemagtig om kragtens hierdie Wet op te tree;

*(h)* die kantoor van die Openbare Beskermer deur die Openbare Beskermer gemagtig om kragtens hierdie Wet op te tree; of

*(i)* ’n ondersoekafdeling in ’n staatsorgaan deur die hoof van daardie staatsorgaan gemagtig om kragtens hierdie Wet op te tree;’’;

*(e)* deur in subartikel (1) die volgende omskrywing na die omskrywing van ‘‘inspekteur’’ in te voeg:

‘‘ **‘Intelligensie-afdeling van die Nasionale Weermag’** die Intelligensie-afdeling van die Nasionale Weermag bedoel in artikel 33 van die ‘Defence Act, 2002’ (Wet No. 42 van 2002);’’;

*(f)* deur in subartikel (1) na die omskrywing van ‘‘Intelligensiediens’’ die volgende omskrywing in te voeg:

‘‘ **‘kliënt’**, ten aansien van ’n verantwoordingspligtige instelling, ’n persoon wat ’n sakeverhouding aangaan of ’n enkeltransaksie sluit met ’n verantwoordingspligtige instelling;’’;

*(j)* by the insertion in subsection (1) after the definition of ''inspector'' of the following definition:

'' **'Intelligence Division of the National Defence Force'** means the Intelligence Division of the National Defence Force referred to in section 33 of the Defence Act, 2002 (Act No. 42 of 2002);'';

*(k)* by the insertion in subsection (1) after the definition of ''investigating authority'' of the following definitions:

'' **'investigative division in an organ of state'** means an investigative division in an organ of state in the Republic having a function by law to investigate unlawful activity within the organ of state;

**'legal person'** means any person, other than a natural person, that establishes a business relationship or enters into a single transaction, with an accountable institution, and includes a person incorporated as a company, close corporation, foreign company or any other form of corporate arrangement or association, but excludes a trust, partnership or sole proprietor;'';

*(l)* by the insertion in subsection (1) after the definition of ''National Director of Public Prosecutions'' of the following definition:

'' **'National Prosecuting Authority'** means the National Prosecuting Authority referred to in section 179 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, and established in terms of section 2 of the National Prosecuting Authority Act, 1998 (Act No. 32 of 1998);'';

*(m)* by the substitution in subsection (1) for the definition of ''non-compliance'' of the following definition:

'' **'non-compliance'** means any act or omission that constitutes a failure to comply with a provision of this Act or any order, determination or directive made in terms of this Act and which does not constitute an offence in terms of this Act, and 'fails to comply', 'failure to comply', 'non-compliant' and 'not complying' have **[the same]** a corresponding meaning;'';

*(n)* by the insertion in subsection (1) after the definition of ''non-compliance'' of the following definition:

'' **'offence relating to the financing of terrorist and related activities'** means an offence under section 4 of the Protection of Constitutional Democracy against Terrorist and Related Activities Act, 2004 (Act No. 33 of 2004);'';

*(o)* by the insertion in subsection (1) after the definition of ''property'' of the following definition:

'' **'Public Protector'** means the Public Protector referred to in Chapter 9 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996;'';

*(p)* by the insertion in subsection (1) after the definition of ''reporting institution'' of the following definition:

'' **'Risk Management and Compliance Programme'** means the programme contemplated in section 42(1);'';

*(q)* by the substitution in subsection (1) for the definition of ''single transaction'' of the following definition:

'' **'single transaction'** means a transaction—

*(a)* other than a transaction concluded in the course of a business relationship; and

*(b)* where the value of the transaction is not less than the amount prescribed, except in the case of section 20A;'';

*(r)* by the insertion in subsection (1) after the definition of ''South African Revenue Service'' of the following definition:

'' **'Special Investigating Unit'** means the Special Investigating Unit established under section 2 of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996);'';

*(s)* by the deletion in subsection (1) of the definitions of ''offence relating to the financing of terrorist and related activities'' and ''transaction''; and

7

*(g)* deur in subartikel (1) na die omskrywing van ''Minister'' die volgende omskrywing in te voeg:

'' **'misdryf in verband met finansiering van terroriste- en verwante aktiwiteite'** 'n misdryf kragtens artikel 4 van die Wet op Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite, 2004 (Wet No. 33 van 2004);'';

*(h)* deur in subartikel (1) die volgende omskrywing na die omskrywing van ''Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings'' in te voeg:

'' **'Nasionale Vervolgingsgesag'** die Nasionale Vervolgingsgesag in artikel 179 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bedoel en kragtens artikel 2 van die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 1998 (Wet No. 32 van 1998), ingestel;'';

*(i)* deur in subartikel (1) die omskrywing van ''nie-nakoming'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'nie-nakoming'** enige handeling of versuim wat 'n nalate daarstel om aan 'n bepaling van hierdie Wet of enige bevel, bepaling of lasgewing ingevolge hierdie Wet gegee, te voldoen, en het 'versuim om na te kom', 'versuim om te voldoen aan', 'nie-nakomend' en 'nie nakom nie' **[dieselfde]** 'n ooreenstemmende betekenis;'';

*(j)* deur in subartikel (1) die volgende omskrywings na die omskrywing van ''nie-nakoming'' in te voeg:

'' **'Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat'** die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat ingestel by artikel 3 van die 'Independent Police Investigative Directorate Act, 2011' (Wet No. 1 van 2011);

**'ondersoekafdeling in 'n staatsorgaan'** 'n ondersoekafdeling in 'n staatsorgaan in die Republiek wat 'n regsfunksie het om onregmatige aktiwiteite binne die staatsorgaan te ondersoek;'';

*(k)* deur in subartikel (1) die volgende omskrywing na die omskrywing van ''opbrengs van onregmatige aktiwiteite'' in te voeg:

'' **'Openbare Beskermer'** die Openbare Beskermer in Hoofstuk 9 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, bedoel;'';

*(l)* deur die omskrywing van ''Raad'' in subartikel (1) te skrap;

*(m)* deur in subartikel (1) die volgende omskrywings na die omskrywing van ''opbrengs van onregmatige aktiwiteite'' in te voeg:

'' **'regspersoon'** 'n persoon, uitgesonderd 'n natuurlike persoon, wat 'n sakeverhouding aangaan of 'n enkeltransaksie sluit met 'n verantwoordingspligtige instelling en ook 'n persoon wat as 'n maatskappy, beslote korporasie, buitelandse maatskappy of enige ander vorm van korporatiewe reëling of vereniging, ingelyf is, maar sluit 'n trust, vennootskap of alleeneienaar uit;

**'Risikobestuur- en Nakomingsprogram'** die program in artikel 42(1) beoog;'';

*(n)* deur in subartikel (1) die volgende omskrywing na die omskrywing van ''Sentrum'' in te voeg:

'' **'Spesiale Ondersoekeenheid'** die Spesiale Ondersoekeenheid kragtens artikel 2 van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996), ingestel;'';

*(o)* deur in subartikel (1) in die omskrywing van ''toonder van verhandelbare instrument'' die woorde '', by die toepassing van hierdie Wet'' te skrap;

*(p)* deur die volgende omskrywings in subartikel (1) na die omskrywing van ''transaksie'' in te voeg:

'' **'trust'** 'n trust omskryf in artikel 1 van die Wet op die Beheer oor Trustgoed, 1988 (Wet No. 57 van 1988), uitgesonderd 'n trust ingestel—

*(a)* uit hoofde van 'n testamentêre beskikking;
*(b)* uit hoofde van 'n hofbevel;
*(c)* ten opsigte van persone onder kuratele; of
*(d)* deur die trustees van 'n aftreefonds ten opsigte van voordele betaalbaar aan die begunstigdes van daardie aftreefonds,

*(t)* by the insertion in subsection (1) before the definition of "unlawful activity" of the following definition:

" **'trust'** means a trust defined in section 1 of the Trust Property Control Act, 1988 (Act No. 57 of 1988), other than a trust established—

*(a)* by virtue of a testamentary disposition;

*(b)* by virtue of a court order;

*(c)* in respect of persons under curatorship; or

*(d)* by the trustees of a retirement fund in respect of benefits payable to the beneficiaries of that retirement fund,

and includes a similar arrangement established outside the Republic;".

**Amendment of section 3 of Act 38 of 2001, as amended by section 27 of Act 33 of 2004 and section 3 of Act 11 of 2008**

**2.** Section 3 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The principal objective of the Centre is to assist in the—

*(a)* identification of the proceeds of unlawful activities;

*(b)* combating of money laundering activities and the financing of terrorist and related activities; and

*(c)* implementation of financial sanctions pursuant to resolutions adopted by the Security Council of the United Nations, under Chapter VII of the Charter of the United Nations.";

*(b)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* to make information collected by it available to **[investigating authorities, supervisory bodies, the intelligence services and the South African Revenue Services]**—

(i) an investigating authority;

(ii) the National Prosecuting Authority;

(iii) an intelligence service;

(iv) the South African Revenue Service;

(v) the Independent Police Investigative Directorate;

(iv) the Intelligence Division of the National Defence Force;

(vii) a Special Investigating Unit;

(viii) the office of the Public Protector;

(ix) an investigative division in an organ of state; or

(x) a supervisory body,

to facilitate the administration and enforcement of the laws of the Republic;"; and

*(c)* by the insertion in subsection (2) after paragraph *(a)* of the following paragraph*:*

"*(a*A*)* to administer measures requiring accountable institutions to freeze property and transactions pursuant to financial sanctions that may arise from resolutions adopted by the Security Council of the United Nations referred to in a notice contemplated in section 26A;".

**Amendment of section 4 of Act 38 of 2001, as amended by section 4 of Act 11 of 2008**

**3.** Section 4 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the insertion after paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a*A*)* where appropriate, initiate analysis based on information in its possession or information received other than by means of reports made to it under Part 3 of Chapter 3;";

*(b)* by the substitution for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* inform, advise and co-operate with **[investigating authorities, supervisory bodies, the South African Revenue Service and the intelligence services;]**—

(i) an investigating authority;

(ii) the National Prosecuting Authority;

(iii) an intelligence service;

(iv) the South African Revenue Service;

en ook 'n soortgelyke reëling buite die Republiek aangegaan;
**'uiteindelik geregtigde'**, ten opsigte van 'n regspersoon, 'n natuurlike persoon wat, onafhanklik of saam met iemand anders, regstreeks of onregstreeks—
*(a)* die regspersoon besit; of
*(b)* prakties beheer oor die regspersoon uitoefen;''; en

*(q)* deur in subartikel (1) die omskrywings van ''misdryf met betrekking tot die finansiering van terroriste- en verwante aktiwiteite'' en ''transaksie'' te skrap.

**Wysiging van artikel 3 van Wet 38 van 2001, soos gewysig deur artikel 27 van Wet 33 van 2004 en artikel 3 van Wet 11 van 2008**

**2.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Die vernaamste oogmerk van die Sentrum is om bystand te verleen in die—
*(a)* identifisering van die opbrengs van onregmatige aktiwiteite;
*(b)* bekamping van geldwassery-aktiwiteite en van die finansiering van terroriste- en verwante aktiwiteite; en
*(c)* implementering van finansiële sanksies na aanleiding van resolusies deurgevoer deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies, kragtens Hoofstuk VII van die Handves van die Verenigde Nasies.'';

*(b)* deur in subartikel (2) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* om inligting deur hom versamel, beskikbaar te stel aan **[ondersoekowerhede, toesighoudende liggame, die intelligensiedienste en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens]**—
(i) 'n ondersoekowerheid;
(ii) die Nasionale Vervolgingsgesag;
(iii) 'n intelligensiediens;
(iv) die Suid-Afrikaanse Inkomstediens;
(v) die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat;
(iv) die Intelligensie-afdeling van die Nasionale Weermag;
(vii) 'n Spesiale Ondersoekeenheid;
(viii) die kantoor van die Openbare Beskermer;
(ix) 'n ondersoekafdeling in 'n staatsorgaan; of
(x) 'n toesighoudende liggaam,

ten einde die administrasie en toepassing van die wette van die Republiek te vergemaklik;''; en

*(c)* deur in subartikel (2) na paragraaf *(c)* die volgende paragraaf in te voeg:

''*(a*A*)* om maatreëls te administreer wat verg dat verantwoordingspligtige instellings eiendom en transaksies bevries na aanleiding van finansiële sanksies wat kan voortspruit uit resolusies, deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies deurgevoer, bedoel in 'n kennisgewing in artikel 26A beoog;''.

**Wysiging van artikel 4 van Wet 38 van 2001, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 11 van 2008**

**3.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende paragraaf na paragraaf *(a)* in te voeg:

''*(a*A*)* waar van toepassing, ontleding begin van inligting in sy besit of inligting bekom deur ander metodes as deur verslae kragtens Deel 3 van Hoofstuk 3 aan hom voorgelê;'';

*(b)* deur paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(b)* **[ondersoekowerhede, toesighoudende liggame, die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en die intelligensiedienste]**—
(i) 'n ondersoekowerheid;
(ii) die Nasionale Vervolgingsgesag;
(iii) 'n intelligensiediens;
(iv) die Suid-Afrikaanse Inkomstediens;

10

(v) the Independent Police Investigative Directorate;
(vi) the Intelligence Division of the National Defence Force;
(vii) a Special Investigating Unit;
(viii) the Public Protector;
(ix) an investigative division in an organ of state; or
(x) a supervisory body;"; and

*(c)* by the insertion after paragraph *(c)* of the following paragraph:
"*(c*A*)* provide information and guidance to accountable institutions that will assist accountable institutions in meeting requirements to freeze property and transactions pursuant to resolutions adopted by the Security Council of the United Nations referred to in a notice contemplated in section 26A;".

**Amendment of section 6 of Act 38 of 2001**

**4.** Section 6 is hereby amended by the deletion of subsection (3).

**Repeal of Chapter 2 of Act 38 of 2001**

**5.** Chapter 2 of the principal Act is hereby repealed.

**Substitution of heading of Chapter 3 of Act 38 of 2001**

**6.** The following heading is hereby substituted for the heading of Chapter 3:

"**[CONTROL MEASURES FOR] MONEY LAUNDERING, [AND] FINANCING OF TERRORIST AND RELATED ACTIVITIES AND FINANCIAL SANCTIONS CONTROL MEASURES**"

**Substitution of heading to Part 1 of Chapter 3 of Act 38 of 2001**

**7.** The following heading is hereby substituted for the heading to Part 1 of Chapter 3:

"**[Duty to identify clients] Customer due diligence**".

**Insertion of section 20A in Act 38 of 2001**

**8.** The following section is hereby inserted in the principal Act after the heading to Part 1 of Chapter 3:

"**Anonymous clients and clients acting under false or fictitious names**

**20A.** An accountable institution may not establish a business relationship or conclude a single transaction with an anonymous client or a client with an apparent false or fictitious name.".

**Amendment of section 21 of Act 38 of 2001**

**9.** Section 21 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) **[An accountable institution may not establish a business relationship or conclude a single transaction with a client unless the accountable institution has taken the prescribed steps]** When an accountable institution engages with a prospective client to enter into a single transaction or to establish a business relationship, the institution must, in the course of concluding that single transaction or establishing that business relationship and in accordance with its Risk Management and Compliance Programme—

*(a)* **[to]** establish and verify the identity of the client;

(v) die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat;
(vi) die Intelligensie-afdeling van die Nasionale Weermag;
(vii) 'n Spesiale Ondersoekeenheid;
(viii) die Openbare Beskermer;
(ix) 'n ondersoekafdeling in 'n staatsorgaan; of
(x) 'n toesighoudende liggaam,
van inligting voorsien en van raad dien en met hulle saamwerk;''; en

*(c)* deur die volgende paragraaf na paragraaf *(c)* in te voeg:
"*(c*A*)* inligting en leiding aan verantwoordingspligtige instellings voorsien wat verantwoordingspligtige instellings sal help om te voldoen aan vereistes om eiendom en transaksies te bevries na aanleiding van resolusies deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies deurgevoer, bedoel in 'n kennisgewing in artikel 26A beoog;''.

**Wysiging van artikel 6 van Wet 38 van 2001**

**4.** Artikel 6 word hierby gewysig deur subartikel (3) te skrap.

**Herroeping van Hoofstuk 2 van Wet 38 van 2001**

**5.** Hoofstuk 2 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Vervanging van opskrif van Hoofstuk 3 van Wet 38 van 2001**

**6.** Die opskrif van Hoofstuk 3 word hierby deur die volgende opskrif vervang:

"**[BEHEERMAATREËLS TEN OPSIGTE VAN] GELDWASSERY, [EN] DIE FINANSIËRING VAN TERRORISTE- EN VERWANTE AKTIWITEITE EN BEHEERMAATREËLS VIR FINANSIËLE SANKSIES**''

**Vervanging van opskrif tot Deel 1 van Hoofstuk 3 van Wet 38 van 2001**

**7.** Die opskrif tot Deel 1 van Hoofstuk 3 word hierby deur die volgende opskrif vervang:

"**[Plig om kliënte te identifiseer] Klante-omsigtigheid**''.

**Invoeging van artikel 20A in Wet 38 van 2001**

**8.** Die volgende artikel word hierby na die opskrif tot Deel 1 van Hoofstuk 3 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Anonieme kliënte en kliënte wat onder vals of fiktiewe name handel**

**20A.** 'n Verantwoordingspligtige instelling mag nie 'n sakeverhouding aangaan of 'n enkeltransaksie sluit met 'n anonieme kliënt of 'n kliënt met 'n klaarblyklik valse of fiktiewe naam nie.''.

**Wysiging van artikel 21 van Wet 38 van 2001**

**9.** Artikel 21 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) **['n Verantwoordingspligtige instelling mag nie 'n sakeverhouding aangaan of 'n enkeltransaksie sluit met 'n kliënt nie tensy die verantwoordingspligtige instelling die voorgeskrewe stappe gedoen het om]** Wanneer 'n verantwoordingspligtige instelling 'n voornemende kliënt betrek om 'n enkeltransaksie te sluit of om 'n sakeverhouding aan te gaan, moet die instelling in die loop van die sluit van daardie enkeltransaksie of aangaan van daardie sakeverhouding en ooreenkomstig sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram—

*(a)* die identiteit van die kliënt;

*(b)* if the client is acting on behalf of another person, **[to]** establish and verify—
  (i) the identity of that other person; and
  (ii) the client's authority to establish the business relationship or to conclude the single transaction on behalf of that other person; and

*(c)* if another person is acting on behalf of the client, **[to]** establish and verify—
  (i) the identity of that other person; and
  (ii) that other person's authority to act on behalf of the client.''.

**Insertion of sections 21A, 21B, 21C, 21D, 21E, 21F, 21G and 21H in Act 38 of 2001**

**10.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 21:

''**Understanding and obtaining information on business relationship**

**21A.** When an accountable institution engages with a prospective client to establish a business relationship as contemplated in section 21, the institution must, in addition to the steps required under section 21 and in accordance with its Risk Management and Compliance Programme, obtain information to reasonably enable the accountable institution to determine whether future transactions that will be performed in the course of the business relationship concerned are consistent with the institution's knowledge of that prospective client, including information describing—

*(a)* the nature of the business relationship concerned;

*(b)* the intended purpose of the business relationship concerned; and

*(c)* the source of the funds which that prospective client expects to use in concluding transactions in the course of the business relationship concerned.

**Additional due diligence measures relating to legal persons, trusts and partnerships**

**21B.** (1) If a client contemplated in section 21 is a legal person or a natural person acting on behalf of a partnership, trust or similar arrangement between natural persons, an accountable institution must, in addition to the steps required under sections 21 and 21A and in accordance with its Risk Management and Compliance Programme, establish—

*(a)* the nature of the client's business; and

*(b)* the ownership and control structure of the client.

(2) If a client contemplated in section 21 is a legal person, an accountable institution must, in addition to the steps required under sections 21 and 21A and in accordance with its Risk Management and Compliance Programme—

*(a)* establish the identity of the beneficial owner of the client by—
  (i) determining the identity of each natural person who, independently or together with another person, has a controlling ownership interest in the legal person;
  (ii) if in doubt whether a natural person contemplated in subparagraph (i) is the beneficial owner of the legal person or no natural person has a controlling ownership interest in the legal person, determining the identity of each natural person who exercises control of that legal person through other means; or
  (iii) if a natural person is not identified as contemplated in subparagraph (ii), determining the identity of each natural person who exercises control over the management of the legal person, including in his or her capacity as executive officer,

*(b)* indien die kliënt ten behoewe van 'n ander persoon optree, ook—
(i) die identiteit van daardie ander persoon; en
(ii) die kliënt se bevoegdheid om ten behoewe van daardie ander persoon die sakeverhouding aan te gaan of die enkeltransaksie te sluit; en
*(c)* indien 'n ander persoon ten behoewe van die kliënt optree, ook—
(i) die identiteit van daardie ander persoon; en
(ii) daardie ander persoon se bevoegdheid om ten behoewe van die kliënt op te tree,

**[vas te stel]** <u>vasstel</u> en **[te]** verifieer.''.

**Invoeging van artikels 21A, 21B, 21C, 21D, 21E, 21F, 21G en 21H in Wet 38 van 2001**

**10.** Die volgende artikels word hierby na artikel 21 in die Hoofwet ingevoeg:

''**<u>Begrip en verkryging van inligting oor sakeverhouding</u>**

<u>**21A.** Wanneer 'n verantwoordingspligtige instelling 'n voornemende kliënt betrek om 'n sakeverhouding aan te gaan soos in artikel 21 beoog, moet die instelling, benewens die stappe kragtens artikel 21 vereis en ooreenkomstig sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram, inligting verkry om die verantwoordingspligtige instelling redelik in staat te stel om vas te stel of toekomstige transaksies wat in die loop van die betrokke sakeverhouding gesluit sal word, bestaanbaar is met die instelling se kennis van daardie voornemende kliënt, met inbegrip van inligting wat—</u>
*(a)* die aard van die betrokke sakeverhouding;
*(b)* die voorgenome doel van die betrokke sakeverhouding; en
*(c)* die bron van die fondse wat daardie voornemende kliënt voornemens is om te gebruik om saketransaksies in die loop van die betrokke sakeverhouding te beklink,

<u>beskryf.</u>

**Bykomende omsigtigheidsmaatreëls aangaande regspersone, trusts en vennootskappe**

**21B.** (1) Indien 'n kliënt beoog in artikel 21 'n regspersoon of 'n natuurlike persoon is wat ten behoewe van 'n vennootskap, trust of soortgelyke reëling tussen natuurlike persone optree, moet 'n verantwoordingspligtige instelling, benewens die stappe kragtens artikels 21 en 21A vereis en ooreenkomstig sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram—
*(a)* die aard van die kliënt se sake; en
*(b)* die eienaarskap en beheerstruktuur van die kliënt,

vasstel.

(2) Indien 'n kliënt in artikel 21 beoog 'n regspersoon is, moet 'n verantwoordingspligtige instelling, benewens die stappe kragtens artikels 21 en 21A vereis en ooreenkomstig sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram—
*(a)* die identiteit van die uiteindelik geregtigde van die kliënt vasstel deur—
(i) die identiteit uit te vind van elke natuurlike persoon wat, onafhanklik of saam met iemand anders, 'n beherende eienaarskapsbelang in die regspersoon het;
(ii) indien twyfel bestaan of 'n natuurlike persoon in subparagraaf (i) beoog die uiteindelik geregtigde van die regspersoon is of geen natuurlike persoon 'n beherende eienaarskapsbelang in die regspersoon het nie, die identiteit uit te vind van elke natuurlike persoon wat op ander maniere beheer oor daardie regspersoon uitoefen; of
(iii) indien 'n natuurlike persoon nie geïdentifiseer is soos in subparagraaf (ii) bedoel nie, die identiteit van elke natuurlike persoon uit te vind wat beheer oor die bestuur van die regspersoon uitoefen, met inbegrip van in sy of haar

non-executive director, independent non-executive director, director or manager; and

*(b)* take reasonable steps to verify the identity of the beneficial owner of the client, so that the accountable institution is satisfied that it knows who the beneficial owner is.

(3) If a natural person, in entering into a single transaction or establishing a business relationship as contemplated in section 21, is acting on behalf of a partnership between natural persons, an accountable institution must, in addition to the steps required under sections 21 and 21A and in accordance with its Risk Management and Compliance Programme—

*(a)* establish the identifying name of the partnership, if applicable;

*(b)* establish the identity of every partner, including every member of a partnership *en commandite*, an anonymous partnership or any similar partnership;

*(c)* establish the identity of the person who exercises executive control over the partnership;

*(d)* establish the identity of each natural person who purports to be authorised to enter into a single transaction or establish a business relationship with the accountable institution on behalf of the partnership;

*(e)* take reasonable steps to verify the particulars obtained in paragraph *(a)*; and

*(f)* take reasonable steps to verify the identities of the natural persons referred to in paragraphs *(b)* to *(d)* so that the accountable institution is satisfied that it knows the identities of the natural persons concerned.

(4) If a natural person, in entering into a single transaction or establishing a business relationship as contemplated in section 21, is acting in pursuance of the provisions of a trust agreement between natural persons, an accountable institution must, in addition to the steps required under sections 21 and 21A and in accordance with its Risk Management and Compliance Programme—

*(a)* establish the identifying name and number of the trust, if applicable;

*(b)* establish the address of the Master of the High Court where the trust is registered, if applicable;

*(c)* establish the identity of the founder;

*(d)* establish the identity of—

(i) each trustee; and

(ii) each natural person who purports to be authorised to enter into a single transaction or establish a business relationship with the accountable institution on behalf of the trust;

*(e)* establish—

(i) the identity of each beneficiary referred to by name in the trust deed or other founding instrument in terms of which the trust is created; or

(ii) if beneficiaries are not referred to by name in the trust deed or other founding instrument in terms of which the trust is created, the particulars of how the beneficiaries of the trust are determined;

*(f)* take reasonable steps to verify the particulars obtained in paragraphs *(a)*, *(b)* and *(e)*(ii); and

*(g)* take reasonable steps to verify the identities of the natural persons referred to in paragraphs *(c)*, *(d)* and *(e)*(i) so that the accountable institution is satisfied that it knows the identities of the natural persons concerned.

(5) This section applies in respect of a legal person, partnership or trust or a similar arrangement between natural persons, whether it is incorporated or originated in the Republic or elsewhere.

hoedanigheid as uitvoerende beampte, nieuitvoerende beampte, onafhanklike nieuitvoerende direkteur, direkteur of bestuurder; en

*(b)* redelike stappe doen om die identiteit van die uiteindelik geregtigde van die kliënt te verifieer, sodat die verantwoordingspligtige instelling tevrede is dat hy weet wie die uiteindelik geregtigde is.

(3) Indien 'n natuurlike persoon, by die sluit van 'n enkeltransaksie of aangaan van 'n sakeverhouding soos beoog in artikel 21, ten behoewe van 'n vennootskap tussen natuurlike persone optree, moet 'n verantwoordingspligtige instelling, benewens die stappe kragtens artikels 21 en 21A en ooreenkomstig sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram—

*(a)* die identifiserende naam van die vennootskap vasstel, indien van toepassing;

*(b)* die identiteit van elke vennoot vasstel, met inbegrip van elke lid van 'n vennootskap *en commandite*, 'n anonieme vennootskap of enige soortgelyke vennootskap;

*(c)* die identiteit vasstel van die persoon wat uitvoerende beheer oor die vennootskap uitoefen;

*(d)* die identiteit vasstel van elke natuurlike persoon wat voorgee om gemagtig te wees om namens die vennootskap 'n enkeltransaksie te sluit of 'n sakeverhouding aan te gaan met die verantwoordingspligtige instelling;

*(e)* redelike stappe doen om die besonderhede wat kragtens paragraaf *(a)* verkry is, te verifieer; en

*(f)* redelike stappe doen om die identiteite van die natuurlike persone in paragrawe *(b)* tot *(d)* bedoel te verifieer sodat die verantwoordingspligtige instelling tevrede is dat hy die identiteite van die betrokke natuurlike persone ken.

(4) Indien 'n natuurlike persoon, by die sluit van 'n enkeltransaksie of die aangaan van 'n sakeverhouding soos beoog in artikel 21, ingevolge die bepalings van 'n trustooreenkoms tussen natuurlike persone optree, moet 'n verantwoordingspligtige instelling, benewens die stappe kragtens artikels 21 en 21A vereis en ooreenkomstig sy Risikobestuur- en Nakomingsprogram—

*(a)* die identifiserende naam en nommer van die trust vasstel, indien van toepassing;

*(b)* die adres van die Meester van die Hooggeregshof waar die trust geregistreer is, vasstel, indien van toepassing;

*(c)* die identiteit van die stigter vasstel;

*(d)* die identiteit vasstel van—

(i) elke trustee; en

(ii) elke natuurlike persoon wat voorgee om gemagtig te wees om namens die trust 'n enkeltransaksie te sluit of 'n sakeverhouding aan te gaan met die verantwoordingspligtige instelling;

*(e)* (i) die identiteit vasstel van elke begunstigde wat in die trustakte of ander stigtingsakte ingevolge waarvan die trust geskep is, by die naam genoem word; of

(ii) indien begunstigdes nie in die trustakte of ander stigtingsakte ingevolge waarvan die trust geskep is by die naam genoem word nie, die besonderhede vasstel van hoe die begunstigdes van die trust bepaal word;

*(f)* redelike stappe doen om die besonderhede in paragrawe *(a)*, *(b)* en *(e)*(ii) verkry, te verifieer; en

*(g)* redelike stappe doen om die identiteite te verifieer van die natuurlike persone in paragrawe *(c)*, *(d)* en *(e)*(i) bedoel sodat die verantwoordingspligtige instelling tevrede is dat hy die identiteite van die betrokke natuurlike persone ken.

(5) Hierdie artikel is van toepassing ten opsigte van 'n regspersoon, vennootskap of trust of 'n soortgelyke reëling tussen natuurlike persone, hetsy dit in die Republiek of elders ingelyf is of vandaan kom.

16

**Ongoing due diligence**

**21C.** An accountable institution must, in accordance with its Risk Management and Compliance Programme, conduct ongoing due diligence in respect of a business relationship, which includes—

*(a)* monitoring of transactions undertaken throughout the course of the relationship, including, where necessary—
  (i) the source of funds, to ensure that the transactions are consistent with the accountable institution's knowledge of the client and the client's business and risk profile; and
  (ii) the background and purpose of all complex, unusual large transactions, and all unusual patterns of transactions, which have no apparent business or lawful purpose; and

*(b)* keeping information obtained for the purpose of establishing and verifying the identities of clients pursuant to sections 21, 21A and 21B of this Act, up to date.

**Doubts about veracity of previously obtained information**

**21D.** When an accountable institution, subsequent to entering into a single transaction or establishing a business relationship, doubts the veracity or adequacy of previously obtained information which the institution is required to verify as contemplated in sections 21 and 21B, the institution must repeat the steps contemplated in sections 21 and 21B in accordance with its Risk Management and Compliance Programme and to the extent that is necessary to confirm the information in question.

**Inability to conduct customer due diligence**

